20 Junie 2025

# Randjienuus

## HOKKIE-ASTRO

Ons hokkie-astro vorder fluks!  Een van die dae "jol" ons lekker op die tuisbodem.  Ons sien baie uit na die eindproduk.



# SPORT

## RUGBY

Die volgende rugbyspelers het by Hoërskool Monument aan die laaste rondte van die Goue Leeus proewe deelgeneem, julle maak ons trots:

**O/18:**

- ★ Diedeloff Fourie
- ★ Brandon Peterson
- ★ Philip Rykaart
- ★ Curwin Hill
- ★ Bradley Butcher
- ★ Malan van Heerden

**O/16:**

- ★ Marnus Goosen
- ★ Jaydon Breytenbach
- ★ Hendrico van Reenen





Baie geluk aan **Philip Rykaart** wat tot die **Goue Leeus o/17 Welpies rugbyspan** verkies is. Hy neem tydens die Julievakansie aan die o/18-akademieweek deel wat by HS Middelburg plaasvind. Ons is baie trots op jou.




**Uitslae van ons rugbywedstryde teen Eldoraigne (31 Mei) en Ermelo (7 Junie):**

| | | | |
|---|---|---|---|
| o/14A Randburg | 38 | Eldoraigne | 5 |
| o/14B Randburg | 43 | Eldoraigne | 0 |
| o/15A Randburg | 12 | Eldoraigne | 18 |
| o/15B Randburg | 0 | Eldoraigne | 69 |
| o/16A Randburg | 6 | Eldoraigne | 12 |
| o/16B Randburg | 10 | Eldoraigne | 21 |
| Derde span | 24 | Eldoraigne | 20 |
| Tweede span | 24 | Eldoraigne | 21 |
| Eerste span | 19 | Eldoraigne | 34 |

| | | | |
|---|---|---|---|
| o/14A Randburg | 14 | Ermelo | 5 |
| o/14B Randburg | 14 | Ermelo | 21 |
| o/15A Randburg | 0 | Ermelo | 37 |
| o/15B Randburg | 12 | Ermelo | 52 |
| o/16A Randburg | 26 | Ermelo | 30 |
| o/16B Randburg | 27 | Ermelo | 17 |
| Derde span | 22 | Ermelo | 24 |
| Tweede span | 20 | Ermelo | 26 |
| Eerste span | 52 | Ermelo | 47 |

## HOKKIE GAUTENGSPAN




Baie geluk aan **Luke Cloete en Stephan Moolman (albei gr. 8)** wat die komende vakansie die Suid-Gauteng hokkiespan by Kearsney College gaan verteenwoordig. Luke is vir die onder 14-blouspan gekies en Stefan is vir die C-span gekies. Ons wens hulle baie sterkte vir die komende toer toe!






## HOKKIE

**Dogtershokkie** - Baie geluk aan ons dogters met briljante hokkie-uitslae teen Northcliff High.

## Uitslae:

o/14A Randburg 3-0 Northcliff

o/14B Randburg 1-0 Northcliff

o/15A Randburg 0-0 Northcliff

o/16A Randburg 6-1 Northcliff

Eerste span Randburg 1-4 Northcliff













# HOKKIE-UITSPELE

Ons **hokkieseuns** het die uitspeelwedstryde vir hulle liga gespeel. Ons **Eerste spanseuns** het in die Graetz Liga kwartfinaal teen St Peter's College gespeel en **6-2** gewen. Ons **onder 14-seuns** wen **4-2** in die WR-liga kwartfinaal.






Ons **Eerste spanseuns** wen die kwartfinaal in die Wesrandliga teen Northcliff High School in 'n naelbyt wedstryd wat in 'n agt sekonde uitskietrondte eindig. Hulle dring deur na die semifinaal en kwalifiseer vir die Noordvaal-uitspele.


Awesome





Eerste spanseuns

Ons **Eerste spandogters** kwalifiseer ook vir die Graetz-liga uitspele na hulle teen Redhill School gewen het.






Eerste spandogters

Wat die res van die Graetz-liga betref: ons seunspanne eindig derde in die liga en ons dogterspanne eindig vierde. Ons is baie trots op ons hokkiespanne. Welgedaan, Eerste spanne!

# NETBAL



Ons o/15A-netbalspan is deur Northcliff High School vir 'n posisie by die Kay Motsepe Gauteng Kampioenskappe gedaag. Na 'n uitdagende wedstryd tree die Randjies as **wenners** uit met 'n telling van 15-10.



Die o/17A- en Eerste netbalspanne het op 3 Junie uitspeelwedstryde by Hoërskool Florida gespeel.

Die o/17's speel teen Bastion en wen 14-10 en die Eerste span speel teen Parktown en wen 21-15. Altwee spanne is gekwalifiseer om aan die JOMO kampioenskappe deel te neem.





## GAUTENG–KAMPIOENSKAPPE

Al VYF ons A-spanne is op pad na die Gauteng-kampioenskappe.
Ons is ongelooflik trots om aan te kondig dat al vyf van ons A-netbalspanne vir die Gauteng kampioenskappe gekwalifiseer het. Drie van ons spanne het aan 'n intense JOMO-uitspeelnaweek deelgeneem. Die spanne het die volgende plekke behaal:

- o/16A – Eerste plek
- o/17A – Tweede plek
- Eerste span – Derde plek










Ons **o/15A's** het vroeër die week vir die Kay Motsepe-uitspele gekwalifiseer en die **o/14A's** het reeds hul plek in die Gauteng kampioenskappe, direk ná die liga, bespreek!



| O/16 – UITSPELE BY JOMO | | | |
|---|---|---|---|
| Randburg | 3 | Florida | 3 |
| Randburg | 21 | Glenharvie | 4 |
| Randburg | 14 | Trinity | 7 |
| Randburg | 10 | Reddam | 8 |
| Randburg | 12 | Fochville | 5 |
| Randburg | 21 | Queens | 5 |

| O/17 – UITSPELE BY JOMO | | | |
|---|---|---|---|
| Randburg | 21 | Trinity | 11 |
| Randburg | 18 | Bekker | 7 |
| Randburg | 15 | Linden | 11 |
| Randburg | 13 | Noordwyk | 10 |
| Randburg | 14 | Krugersdorp High School | 6 |
| Randburg | 7 | Reddam | 32 |



| Eerste span – UITSPELE BY JOMO | | | |
|---|---|---|---|
| Randburg | 19 | Linden | 18 |
| Randburg | 39 | De La Salle Holly Cross | 10 |
| Randburg | 27 | Alma Mater | 13 |
| Randburg | 25 | Krugersdorp High School | 15 |
| Randburg | 19 | Florida | 22 |
| Randburg | 21 | Redhill | 36 |

**Dis nie elke dag dat ál jou A-spanne op provinsiale vlak meeding nie – Randburg is gereed om te wys waarvan ons gemaak is. Wat 'n ongelooflike prestasie!**

## HENGEL

Hoërskool Randburg se **hengelspan** het in 2025 merkwaardige vasberadenheid en trots getoon. Die jaar is met groei en mylpale gevul – vir baie van ons hengelaars was dit hul eerste deelname en tog het hulle ons skool se naam hoog gehou. Ten spyte van uitdagende weersomstandighede op die laaste visvangdag van ons 2025-seisoen het nie een van die spanlede tou opgegooi nie. Hulle het tot die einde volgehou en bewys dat 'n Randjie nooit gaan lê nie! Baie dankie aan elke hengelaar vir jou deursettingsvermoë en trots. Hierdie span gaan groot visse vang gedurende die 2026-seisoen!




## SKUTS

**Randjieskuts: GSSU Liga 3 Resultate** - Die GSSU Liga 3 het van 6 tot 7 Junie 2025 plaasgevind en ons Randjieskuts het ons weereens baie trots gemaak. **Die resultate lyk soos volg:**

**Sporter o/21**
1. Etienne van der Merwe
2. Bianca Jansen Van Rensburg
5. Kyle Fölscher
8. Byron De Bruyn

**Sporter o/16**
5. Cara Pretorius
10. Annabelle Kirstein
18. Janco Snyman

**Sporter o/14**
2. Minay Van Der Merwe
4. Karien Botha
5. Neil Knoesen
12. Reuben Pelzer

**Pistool o/21**
2. Chantal Van Der Bank






# FIETSRY

Die naweek van 7 en 8 Junie was 'n groot fietsrynaweek vir Hoërskool Randburg se ryers wat baie kilometers, ter voorbereiding op die fietsryseisoen, afgelê het. Die Bosveld *Trail Seeker* wat op Saterdag, 7 Junie plaasgevind het, dien as 'n amptelike Gauteng Skool XCM Kampioenskap wat deur *Schools Cycling South Africa (SCSA)* erken word. **Jayden Naude (gr. 12)** het algeheel tweede in die junior mans se 70km-wedren gekom.







**Evan Naudé (gr. 9)** het tweede in sy ouderdomsgroep gekom en algeheel agtste in die 40km-resies.

**Natasha Swart (gr. 12)** het haar eerste 40km gery en was vyfde in haar ouderdomgroep.






Op Sondag, 8 Junie, het heelwat van ons ryers uitstekend by die *Crater Cruise* gevaar wat 'n 92km-wedren is. **Oud-leerder (tuisonderrig) Gustav Roller** neem die tweede plek, **Jayden Naude (gr. 12)** het derde gekom en **Erik Breedt (gr. 11)** vierde, hy het ook die prys ontvang vir ***King of the Mountain*** en **Reinhardt Strydom (gr. 10)** was agtste. Voorwaar uitstekend, Manne!




**Evan Naudé (gr. 9)** het 'n eerste plek in die 50km *Crater Cruise* behaal.




Ons is baie trots op ons Randjie fietsryers wat so uitstekend by alle fietsrykompetisies vaar!



# KULTUUR

## DIGITONEEL-KOMPETISIE

Baie geluk aan **Ethan Bester in graad 12** wat na die volgende rondte van die ATKV-Digitoneel kompetisie deurdring. Ethan se stuk is as een van die top 8-monoloë van die kompetisie aangewys.



Welgedaan, Ethan!





## REDENAARS

**Ruben Jacobs (gr. 9)** het tweede in die Gauteng-Wes semi-finale uitdunronde vir ATKV-Redenaars 2025 geëindig. Hy dring deur na die nasionale finale ronde wat op 5 en 6 Augustus by ATKV *Goudini Spa* aangebied word.

Praat met Passie



Baie geluk, Ruben en sterkte vir die finaal!





**Nelrie Wijnbeek (gr. 9)** het op 7 Junie aan die *Con Spirito* Redenaars 2025 deelgeneem. Sy behaal 'n **A+-simbool met 89%**.

Baie geluk, Nelrie, ons is trots op jou.



## MEJ. TIENER FINALIS

**Nicole de Klerk (Gr. 12)** is sopas as een van Huisgenoot se Top Dertig Finaliste vir Mej. Tiener aangewys. Ons is so trots op haar besondere prestasie.



# MUSIEKKOMPETISIE

Ons is baie trots op **Ruan Visser (gr. 11)** wat die afgelope tyd by Roedean se musiekkompetisie uitgeblink het. Ruan en twee ander leerders het na die finale rondte deurgedring wat op 6 Junie tydens 'n gala-aand plaasgevind het. Hy behaal 'n tweede plek uit 40 pianiste uit verskillende skole. Die beoordelaar was Dr Tessa Rhoodie van die Universiteit van Pretoria. **Wat 'n uitmuntende prestasie, Ruan!**




# *CON SPIRITO* EISTEDDFOD

Ons leerders behaal uitsonderlike prestasies by die *Con Spirito* Eisteddfod se streeksuitslae:

**Ilana van den Berg (graad 10):**
- Gemengde media: 85% (A+)
- Houtskool: 90% (A++)
- Olieverf: 92% (A++)
- Fotografie: 94% (A++)

**Kayla Grant (graad 9):**
- Drama – Afrikaans Ongedramatiseerde Poësie (Eie keuse): 93% (A++) Itemwenner
- Drama – *English Undramatised Poetry (Own choice):* 95% (A+++) Itemwenner

**Malea Avis (graad 9):**
- Drama – Afrikaans Monoloog: 99% (A+++) Itemwenner
- Drama – *English Monologue*: 94% (A++)
- Drama – *English Dramatic Poetry:* 90% (A++)

**Larissa Bouwer (graad 9):**
- Drama - Afrikaans Gedramatiseerde Poësie: 94% (A++) Itemwenner
- Drama - Afrikaans Komiese Monoloog: 98% (A+++)
- Drama - Afrikaans Monoloog: 94% (A++) Itemwenner
- Drama - Afrikaans Voorgeskrewe Poësie: 96% (A+++) Itemwenner
- Drama - *English Dramatised Poetry*: 93% (A++) Itemwenner
- Drama - *English Monologue*: 95% (A+++) Itemwenner




**Mieke Kok (graad 10):**
- Redenaars – Afrikaans Voorbereid (Eie keuse): 90% (A++)
- Drama – *English Monologue*: 94% (A++)
- Drama – *English Undramatised Poetry (Own Choice)*: 93% (A++)
- Drama – Afrikaans Gedramatiseerde Prosa: 90% (A++)
- Drama – Afrikaans Monoloog: 89% (A+) Itemwenner
- Drama – Afrikaans Ongedramatiseerde Poësie (Eie keuse): 89% (A+)

**Janique Kruger (graad 10):**
- Drama - Afrikaans Ongedramatiseerde Poësie: 90% (A++) Itemwenner
- Drama – Afrikaans Ope (Komiese Monoloog): 93% (A++) Itemwenner
- Drama – *English Monologue*: 92% (A++)
- Drama – *English Undramatised Poetry*: 91% (A++)
- Drama – Afrikaans Monoloog: 90% (A++)
- Dans – *Contemporary Solo*: 94% (A++) Itemwenner
- Dans – Improvisasie: *94% (A++) Itemwenner*
- Dans – *Jazz Solo*: *93% (A++) Itemwenner*
- Dans – *Lyrical Solo*: *94% (A++) Itemwenner*
- Dans – *Musical Theatre Solo*: 93% (A++) Itemwenner
- Dans – *Tap Solo*: 93% (A++) Itemwenner

**Lia Pretorius (graad 11):**
- Dans – *Lyrical Solo*: 94% (A++) Itemwenner
- Dans – *Open Solo*: 92% (A++) Itemwenner
- Dans – *Jazz Solo*: *95% (A+++) Itemwenner*
- Dans – *Contemporary Solo*: 94% (A++) Itemwenner
- Dans – *Hip-Hop/ Funk Solo*: *94% (A++) Itemwenner*

**Aliza de Beer (graad 11):**
- Sang – *Musical*: 97% (A+++) Itemwenner
- Sang – *Pop*: 97% (A+++) Itemwenner
- Sang – *Prescribed Song*: 94% (A++) Itemwenner
- Sang – *Broadway*: 95% (A+++) Itemwenner
- Redenaars – *English Prepared Motivational speech*: 85% (A+)
- Redenaars – *English Prepared Own Choice*: 90% (A++)













**Welgedaan met almal se puik uitslae!**


























# Klerebank

**Die Klerebank sal op Woensdagmiddae van 12:30 tot 14:15** oop wees vir enige leerder of ouer wat klere wil koop. Ondersteunersdrag is ook by die klerebank beskikbaar. Ons rig graag 'n versoek aan alle ouers en oud-leerders om asseblief skoolklere wat nie meer gebruik word nie, veral skoolbaadjies, aan die klerebank te skenk.

**LO-Klere en sweetpakke <u>slegs</u> by skool beskikbaar en nie by verskaffers nie!** Ons versoek dat ouers nie die klerebank buite hierdie ure besoek nie. Indien daar 'n noodgeval is, skakel die skool en maak dan 'n afspraak met me. Lorainne Marx in die boekwinkel. Sy kan nie elke ouer in die klerebank help nie, aangesien sy ander werk het om te doen. Hou dus asseblief by die tye!

**EKSAMENTYD – ENIGE TYD OOP**

**Kaartbetalings alleenlik na 14:00**




# Randjie Gebedswag

**(Randjie-ouers & -onnies wat bid)**

Dit is in ons Hemelse Vader se wil dat ons deur gebed en danksegging ons behoeftes aan Hom bekend maak. Bid saam met ons Donderdae-oggende vanaf **07:30 tot 8:30** in SAU, Jackie se kantoor. As dit nie vir u moontlik is om saam met ons te bid nie, maar u wil deel vorm van ons bidgroep, kan u **Jackie Krüger** by **083 651 8172** skakel. Ons het 'n *WhatsApp*-groep waarop gebedsversoeke geplaas word.



**CSV**
**Donderdae, 07:30 tot 08:30 in SAU.**
**Almal is welkom!**



# Parkering

Ouers moet asseblief nie by die skoolterrein inry om leerders af te laai nie – stop asseblief in die parkeerruimtes in die dienspad. U word ook versoek om nie die dienspad te versper om leerders **'gou-gou'** op te laai nie.

Fietse parkeer by die matriekparkering. Daar is geen koste daaraan verbonde nie, maar ons stel voor dat jy asseblief jou eie slot en ketting voorsien, aangesien ons geen verantwoordelikheid kan aanvaar nie.

Motors & motorfietse parkeer by die matriekparkering. Die koste vir parkering is **R150 per kwartaal.**
**<u>Prosedure</u>:** Jy betaal by die finanskantoor met jou registrasienommer. Die kostes vir die hekkontrole is **R250.00** en wanneer dit weer ingehandig, word **R200.00** terugbetaal.



**<u>Algemene reëls vir parkering:</u>**

1. Die hek maak outomaties toe, moet asseblief nie die kontrole herhaaldelik druk nie.
2. Geen vinnige wegtrek (*spin*) of uitermatige hoë revolusies van voertuie of motorfietse word toegelaat nie.
3. Indien jy nie by bogenoemde reëls hou nie, sal parkering, sonder terugbetaling, geweier word.
4. Betaal asseblief eers voordat jy van die parkering gebruik maak.
5. Parkering aan die noordekant (afdak T10 en T11) en aan die suidekant (by die musieksentrum) word vir personeel gereserveer.

# ADVERTENSIES

**NEEM ASSEBLIEF KENNIS DAT HOËRSKOOL RANDBURG GEEN VERANTWOORDELIKHEID OF AANSPREEKLIKHEID VIR ADVERTENSIES AANVAAR NIE.**


**Insure SPR**
Precision Healthcare

**INSURESPR HEALTH**

VISIT US FOR ALL YOUR X-RAYS AND BONE DENSITY NEEDS.





**Bone density services** | **DXA Body Composition** | **General X-rays**

**BONE DENSITY SERVICES**
We screen and monitor bone health, particularly for patients with osteoporosis or those at risk of fractures.

**DXA BODY COMPOSITION**
We provide accurate body fat, muscle mass, and bone density measurements, ideal for athletes and individuals are managing their weight and fitness(gym goers)

**GENERAL X-RAYS**
Our comprehensive imaging services offer quick and precise diagnosis for various medical conditions.

**Book an appointment**
Tel : 010 001 9997
Cell : 083 450 7861

**Visit us**
E-MEDCENTRE,
7 MALIBONGWE DRIVE



**#YOUCANDOSCIENCE**

**Aanlyn Fisiese Wetenskap lesse**

- Grade 9 tot 12
- CAPS vir NSC en IEB eksamens
- Dek volledige kurrikulum
- Video lesse
- Notas
- Toetse met volledige antwoorde
- Eksamen vrae met memo wat antwoorde verduidelik
- Onbeperkte toegang tot al die lesse van al die grade
- Vorderingsverslae van leerders
- Wetenskap woordeboek

**NUUT: Graad 9 Natuurwetenskap (Chemie en Fisika komponente)**

**Volledig in Afrikaans en Engels**

Vir gratis demo lesse, pryse en meer inligting:
www.youcandoscience.co.za
Ontwikkel deur ervare wetenskap onderwysers.



**JOZI COUNSELLING**
GEREGISTREEDE TRAUMA BERADER

**KARIN PAMPEL**
BComm (Bedryfsielkunde) (UJ)
BA Hons (Sielkunde) (UNISA)
BPsych
**Praktyknommer: 0414581**
**HPCSA REG: PRC0012700**

**BERADING**
Volwassenes, Tieners en kinders, Angs en ligte depressie, Rouberading, Afknouery, Emosionele ondersteuning, Gesinskonflik, Ouerskapvaardighede, Verhoudingsprobleme, Streshantering, Traumaberading, Pastorale / Christelike berading





Mediese fonds tariewe geld
Berading in Engels en Afrikaans
Aanlyn of persoonlik

010 001 9997 / 082 565 2704
karin@jozicounselling.co.za
E-MEDCENTRE
18 Aimee St, Ruiterhof, Randburg





21 JUNIE
DOMUS DEI
STREET FOOD
Heerlike kos
Lekker kuier
Kinder vermaak
Veilige parkering
11h00 - 14h00
Domus Dei, Randburg Suid,
Jeanlaan 30, Blairgowrie
Kontantvrye betalings


27 JUN 2025
17:00 - 22:00
MEXICAN
Fiesta!
'n Opwindende gesinsvriendelike fiesta - kom kuier saam!
• Meksikaanse kos
• "Live" Mariachi Musiek
• Tequila-proe
• Opwindende Vermaak
• Bulritte
Smullekker kos en drinkgoed te koop!
Corneliusstraat 1140, Weltevredenpark
KAARTJIES: QUICKET Volwassenes: R120 o/18 @ R50
NOVO FUTURUM
FONDSINSAMELING: GEMEENSKAPSPROJEKTE
NG WELTEVREDEN


COL'CACCHIO
NORTHCLIFF
KIDS' PLAY AREA
every wednesday
2 FOR 1
BUY ANY PIZZA, PASTA OR SALAD & GET A ANOTHER ONE FREE.
FUNCTION VENUE | SIGNATURE MENU
L'CORRO SHOPPING CENTRE | 011 431 3538
OFFER VALID ON WEDNESDAYS FOR A LIMITED PERIOD ONLY. SIT-DOWN AT COL'CACCHIO NORTHCLIFF ONLY. CHEAPEST ITEM IS FOR FREE. T&CS APPLY.




HOËRSKOOL RANDBURG
SIMFONIE-ORKES
KONSERT
18 & 25 Junie 2025 | 18:30
Hoërskool Randburg Ouditorium
Kontak Robyn by
063 827 5591
vir meer inligting
R100 per persoon
Slegs kontant by die deur
Sluit 'n drankie in
EFT Betaling na:
HOËRSKOOL RANDBURG
ABSA
TAKKODE: 632005
REKENINGNOMMER: 170 6800 65
VERWYSING: MMS Orkes + Van + 18 of 25
Stuur bewys van betaling aan:
magneetskool@hsrandburg.co.za


Discover
The Sweetness of Nature
Visit our Highveld Honey Farm Shop at 186 Uys Street, Benoni for the finest Farm Fresh Honey.
Open Monday to Friday 8:00am - 5:00pm
& Saturday 8am - 1:00pm
100% Pure and Natural Raw Honey
Locally Produced by Our Own Bees
Rich in Flavour
www.highveldhoney.co.za
011 849 1990
@highveldhoneyfarms

**CEDAR SOLAR**

Sny jou kragrekening met sonkrag – Kry 'n GRATIS

# ENERGIE OUDIT

**GRATIS OUDIT**



Vind uit hoeveel jy kan bespaar met 'n pasgemaakte sonkragoplossing – geen koste, geen verpligting.

- Cedar Solar is gebaseer in Honeydew ✓
- Vinnige, lokale ondersteuning in JHB ✓
- 15 Jaar in die industrie ✓
- Gekwalifiseerde In-Huis Tegnikusse ✓
- Goedgekeur by Groot Banke ✓






**WhatsApp 060 893 2996 om 'n terreinbesoek te bespreek.**

**Besoek Ons Vorige Projekte Aanlyn**
www.cedarsolar.com

**Cedar Solar - 011 794 4664 - info@cedarsolar.com - Unit 8 Cranberry Industrial Park, Honeydew, 2170. T& C's Apply.**

## Wen Wetenskap & Wiskunde
## Win Science & Maths

**Graad 10 tot Graad 12 Wetenskap Pakkette:**

- Nifty Notas.
- Flashy Flitskaarte.
- Eksamen Vraestelle met Memo's.

**Graad 8 tot Graad 12 Wiskunde Pakkette:**

- Eksamenhulp Vraestelle met Memo's.
- Helena se Teorieboek (Slegs Graad 10 tot Graad 12).
- X-Faktor Werkskaarte en Opsommings.

**Grade 10 to Grade 12 Science Combos:**

- Snazzy Summaries.
- Tricky Exam Papers with Answer Sheets.
- Flashy Flash Cards.

**Grade 8 to Grade 12 Math Combos:**

- Examination Aid Exam Papers with Answer Sheets.
- X-Factor Worksheets and Summaries

PLEASE VISIT
HTTPS://WENWETENSKAP.CO.ZA FOR MORE INFO
HELENA - 0845103373
HV.VERWEY@GMAIL.COM

**Fontainebleau - Garden Cottage for Rent** (R6800pm. Incl water. Excl electricity. Deposit required.)

Spacious & secure one-bedroom garden cottage set in tranquil garden. Features an open-plan kitchen, lounge, dining area, along with a covered patio and one open parking space behind an automated gate.

Contact Sharryn on 082 337 5441

Huis/troeteldierdiens. Professionele span.

20 jaar ondervinding. Goeie verwysings.

Besoeke en inslaap.

Kontak: Eugenie 083 244 0680



**Kliek gerus op die internet se link https://wenwetenskap.co.za/**

nhs

NOORDELIKE
HELPMEKAAR
STUDIEFONDS

ONS HELP MET JOU STUDIELENING

# Bekostigbare STUDIELENINGS vir TERSIêRE ONDERRIG in Suid-Afrika

## NHS BIED DIE VOLGENDE:

### Tydens die studietydperk

- R80 000 per jaar vir die volle tydperk
- Prima minus 3 % rentekoers
- Slegs rente word maandeliks betaal

### Na die studietydperk

Na voltooiing van studie word kapitaal plus rente teen die primakoers betaal.

- Lener kry 2 jaar vir elke jaar van lening om terug te betaal
- Tydens internskap of gemeenskapsdiens betaal lener slegs rente teen Prima mins 3 %.

## KONTAK ONS

(011) 782 9160

admin@nhsfonds.co.za

noordelikehelpmekaarstudiefonds.org

# WINTER IS OPPAD:
# IS JOU SEKURITEIT REG?


Terwyl die winter nader kruip, is baie van ons besig om ons klerekaste uit te pak en die tuin reg te maak. Maar het jy al daaraan gedink om jou huis se sekuriteit ook 'n bietjie aandag te gee?

Met die dae wat korter word en die nagte langer, is dit die perfekte tyd om jou sekuriteitstrategieë te bekyk en seker te maak hulle is reg vir al die uitdagings wat die koue bring.

Ons stel voor dat jy so gou moontlik jou sekuriteitstelsels deeglik nagaan. Kontak jou sekuriteits-maatskappy en toets die alarm en paniekknoppies. Reël sommer 'n tegniese diens indien nodig.

Hierdie toets is baie belangrik! As die stelsel nie reg werk nie, sal die paniek sein dalk nie by jou sekuriteitsmaatskappy uitkom nie, en hulle sal dalk nie eers weet daar is 'n noodgeval by jou huis nie.

Die beste is om by die buitekant van jou erf te begin en so na binne te werk. Dink soos 'n skelm en kyk of jou heining of mure, tuin, vensters, deure, tuinskuur, motorhuis, ens. enige swak plekke het wat 'n skelm kan gebruik tot sy voordeel.




## FIDELITY ADT BIED NOG 6 LEKKER WENKE AAN OM HIERDIE WINTER VEILIG TE BLY:

**1**
Maak seker jou straatnommer is steeds duidelik sigbaar in die geval van 'n noodgeval. Dit kan kosbare tyd spaar vir die reaksiespan as hulle moet kom help.

**2**
As jy jou honde saans binne bring, vra jou sekuriteitsmaatskappy om jou alarmstelsel so op te stel dat dit steeds 'n vroeë waarskuwing gee, al is die diere binne.

**3**
Verseker dat jy 'n rugsteunkragbron het om ligte, hekmotors, en sekuriteitstelsels te alle tye aan die gang te hou.

**4**
Sit eksterne sensors vroegaand al aan sodra almal by die huis is.

**5**
Wees wakker en op jou hoede wanneer jy by die huis wegry en aankom. Misdadigers maak gebruik van die langer ure van donkerte in die winter en is nie bang vir die koue nie!

**6**
Maak seker jou sekuriteitsmaatskappy het die nuutste kontakbesonderhede van die sleutelhouer.

Sekuriteitsbehoeftes verander saam met die seisoene. Terwyl ons voorberei om meer tyd binnenshuis deur te bring, kan jy met hierdie wenke die gemoedsrus hê om te weet dat jou sekuriteitsroetines net so wintergereed is soos jy!

FIDELITY SERVICES GROUP | ADT

086 12 12 400 / 086 12 12 401 | www.adt.co.za

facebook.com/ADTsa | @fidelity_adt_security | @FidelityADT

# JULIE 2025

| Maandag | Dinsdag | Woensdag | Donderdag | Vrydag | Saterdag | Sondag |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | **1** | **2** | **3** | **4** | **5** | **6** |
| | | | | **Verjaar: E Gouws** | Gereformeerde Kerk vertoning skoolsaal heel dag | |
| **7** | **8** | **9** | **10** | **11** | **12** | **13** |
| | | **Verjaar: S Snyders** | **Verjaar: A Schoeman** | | | |
| **14** | **15** | **16** | **17** | **18** | **19** | **20** |
| | | | **Verjaar: C Fouché**<br>Skiet: Noord Gauteng Ope<br>Moontlik optrede en kuier saam met HS Sentraal (koor) | **Mandela Dag**<br>Koortoer<br>Skiet: Noord Gauteng Ope | Koortoer<br>Skiet: Noord Gauteng Ope | Koortoer |
| **21** | **22** | **23** | **24** | **25** | **26** | **27** |
| Koortoer | **Skool open**<br>Koortoer<br>Gr 12 Verpligte verlengde skool FW | Koortoer<br>Robotics League 14:15 B4<br>Netbal: Toerspan Engeland o/18 | IT Programmerings Olimpiade Rondte 1<br>Puntestrokies<br>Hokkie (D) & netball vs Durham School (Engeland)<br>* **Matrieks**<br>FAK tienertoneel @ Hugenote | **Verjaar: L Marx**<br>Netbal: SA's o/12-13 P/S + DSTV o/19 (t)<br>Rapporte uit | HSRB H/S Koorfees 18:30 FGK<br>Hokkie: (S&D) Merensky (t)<br>Rugby: BOWL Merensky (t)<br>Netbal: SA's.P/S DSTV o/19, 12 & 13 | |
| **28** | **29** | **30** | **31** | 1 | 2 | 3 |
| **Verjaar: T van Deventer**<br>Admaths 17:00-18:30<br>Netbal: MNLights<br>Gr 9 Vakkeuse Oueraand (Atrium)<br>Skiet: SANSSU Toer<br>Gr 12 Verpligte verlengde skool Wisk<br>A Capella oefening<br>BL vergadering | Kooroefening 17:30-20:00<br>Gr 12 Verpligte verlengde skool FW<br>FAK tienertoneel @ Hugenote | Afspraak Oueraand 17:00-20:00<br>Robotics League 14:15 B4<br>Cluster landloop @ Vorentoe | SAMO Wisk. Olimpiade (3de Rondte)<br>A Capella oefening | | | |